



| 29 AUGUST 2023

NEWSFLASH

AUGUST 2023

Die rol van boordsanitasie om toenemende insekdruk te bestuur:

Deur die afgelope seisoen veral gedurende oestyd, is daar 'n sterk toename in insekdruk waargeneem. Ons moet verstaan dat insekdruk varieer tussen seisoene en dat klimaatsverskille tussen seisoene 'n rol hierin kan speel. As produsent het ons nie beheer oor die klimaat nie, maar ons sal moet begin fyner waarnemings maak en dit dokumenteer. Terselfdertyd moet ons fokus op dinge binne ons beheer soos boordsanitasie. Waar beskikbaar, kan feremoon lokvalle ook gebruik word om die voorkoms van insekte deur die seisoen te monitor.

Monitering is krities wanneer enige chemiese of biologiese ingryping beplan word. Goeie en effektiewe boordsanitasie se impak om insekgetalle te help bestuur moet beslis nie onderskat word nie. Indien daar nie voldoende aandag aan boordsanitasie geskenk word nie, gaan insek getalle bly toeneem en dan kan daadwerklike probleme met insek infestasië in ons neute ontwikkel wat die bedryf op risiko kan plaas.

Waar om te begin? Die fokus van enige boordsanitasie aksie moet wees om die voedselbronne waarop insekte kan oorleef of voortplant te verwyder of te vernietig. Die doel is om die lewensiklus van die betrokke insekte te breek en die insekgetalle te verminder sodat die nuwe seisoen begin kan word met laer insekdruk.

Boordsanitasie begin tydens oestyd waar dit belangrik is om die boom so skoon moontlik te skud. Neute, “stick tights” en “pops” wat in die boom agter bly is ‘n kosbron vir insekte. “Stick tights” en “pops” wat op hope binne of buite die boord bly lê waar neute skoongemaak is, asook die afvalmateriaal by verwerkingsaanlegte moet meer versigtig gemonitor word.

Opsies vir die hantering van die hope sluit in om:

- die produk deur ‘n hamermeul te gooi;
- dit te begrawe en met minstens 30cm tot 50cm grond te bedek;
- kompostering kan oorweeg word maar dan moet daar toegesien word dat die kompos warm genoeg word om enige insekte binne die neute, “stick tights” en “pops” dood te maak;
- of om die hope uit te brand.
- Vir produk wat nog in die boord lê kan ‘n “mulcher” of “flail mower” gebruik word om dit fyn te slaan. Deur oorblywende neute, “stick tights” en “pops” fyn te maak vernietig jy die kosbron van enige insekte wat moontlik daarin kon oorleef en word die lewensiklus verbreek.

Takke wat deur die seisoen afsterf asook takke wat na die snoeiproses in die bome vashaak moet verwyder word omdat dit broeiplek skep vir ‘n kompleks van houtboorders. Die impak van verskillende houtboorders op die pekanbome verskil en indien jy vreeskade in jou boord opmerk, is dit baie belangrik om vas te stel met watter boorder jy te doen het. Takke wat boorders bevat moet oordeelkundig vernietig word en moet onder geen omstandighede rondgery word nie. Dit moet vernietig word waar dit uitgesaag is.

Swambeheer veral waar “Pecan Scab” voorkom, maak letsels op die jong lote voor die bome bot. ‘n Saniterings bespuiting help om al die swamspore op die lote te dood sodat die nuwe groei nie dadelik aan die swamme blootgestel word nie.

Wanneer ‘n boordspuit oorweeg word om enige vorm van plantbeskermingsprodukte te spuit om bogenoemde probleme aan te spreek, is dit van uiterste belang om toe te sien

dat die korrekte en voldoende watervolume en grondspoed gebruik word vir die grootte van die bome. Dit geld vir swam, insek en alle vorms van biologiese produkte.

Vir verdere inligting kan SAPPA se tegniese personeel geskakel word.

SAPPA Greetings

T: (021) 870 2900 | E: admin@sappa.za.org | PO Box 163, PAARL, 7620
www.sappa.za.org

Share this email:



Manage your preferences | **Opt out** using **TrueRemove®**

Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.

View this email **online**.

PO Box 163
Paarl, I 7620 ZA

This email was sent to devanlouw@hotmail.com.
Continue receiving our emails, add us to your address book.